Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

TORAH (WET) EN GENADE

LES 2: TORAH: DIE BASIS VAN DIE NUWE VERBOND

Nota: In hierdie studie word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

Inleiding

1. In Les 1 is die betekenis van *Torah* verduidelik., naamlik al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH soos in die eerste vyf boeke van die Skrifte vervat is en wat die basis van ons geloof in Yeshua as Messias is en dus van 'n lewe as 'n geregverdigde. Die verskil tussen *Torah* (YHVH se wet) en mensgemaakte wette (*nomos*) is ook verduidelik.

2. Die *Torah* kan ook as ons leermeester beskou word, naamlik die een wat ons leer en lei op ons lewenspad van geloof en gehoorsaamheid aan YHVH. Yeshua Messias is die Woord van God wat vlees geword het (Joh.1:1, 2 en 14) en in die sin is Yeshua ook ons *Torah* (leermeester). Die Afgesonderde (Heilige) Gees gebruik die *Torah* as basis om ons te leer en te herinner aan YHVH se wil vir ons (Joh. 14:26).

3. Die belangrikheid van die herstel van die *Torah* as die basis van die onderrig, instruksies en wysheid van die hernieude (nuwe) verbond is ook in Les 1 bespreek. In hierdie les sal die belangrikheid van die *Torah* as deel van die hernieude verbond meer volledig bespreek word.

Die Geldigheid van Torah onder die Nuwe Verbond

1. Wanneer Skrifte soos Rom. 3:28, Rom.5:1, Rom. 6:14, Rom. 10:4 en Gal. 3:13 in isolasie gelees word, lyk dit soos 'n uitgemaakte saak dat die

gelowige onder die nuwe verbond vry van die wet is. Talle Christene word dan ook geleer dat hulle vry van die wet is, want hulle is onder die genade. Hierdie studie van *Torah en Genade* sal egter bewys lewer dat hierdie 'n ernstige misleiding is.

2. Om YHVH se wil oor enige saak te verstaan moet al die getuienis, met ander woorde die Skrifte in sy geheel, oor die bepaalde onderwerp ondersoek word. Let op die woorde van Ps. 119:160: *Die **hele** inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid*. Alles in God se Woord is waarheid en Sy verordeninge (beslissings en besluite) bly tot in ewigheid. Ons moet dus die getuienis uit die nuwe en ou verbond aanhoor alvorens ons tot 'n besluit kom oor wat Vader-God se wil is.

3. Wanneer dit dus kom by 'n onderwerp soos *vry van die wet en onder die genade* moet ons die betekenis daarvan in die nuwe verbond kan verklaar in die lig van wat die ou verbond ook hieroor sê. Die nuwe verbond staan nie los van die ou verbond nie, maar die twee saam vorm 'n eenheid om die wil van Vader-God te openbaar.

4. Gelowiges wat hulself as vry van die wet beskou vergeet Skrifte soos:

   Mat 5:17 en 18: *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*

   Luk. 16:17: *Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.*

   Rom. 3:31: *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.*

   1Kor. 7:19: *Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God*.

   1Tim. 1:8: *Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik*

5. Bogenoemde Skrifte verwys almal na die *Torah*. Hierdie, en verskeie ander Skrifgedeeltes in die nuwe testament, bevestig dat die *Torah* steeds vir gelowiges geldig is. Oortreding van die wet (Torah) definieer wat sonde is (1 Joh. 3:4).

6. Dit is dus duidelik dat die Torah nie tot niet verklaar is met die kruisdood van Yeshua Messias nie. Al die onderrig, instruksies (wette) en wysheid van YHVH is steeds geldig. Dit beteken om dit te gebruik om die wil van Vader-God in die nuwe verbond te verstaan.

7. Om vry van die wet te wees moet dus verklaar word in die lig van die *Torah* en die Skrifte in die nuwe verbond wat bevestig dat die wet nie opgehef is nie. Op die oog af lyk dit na teenstrydighede. In YHVH se Woord is daar egter nie teenstrydighede nie, maar slegs geheimenisse wat openbaar moet word. Hierdie geheimenisse word bekend wanneer die Skrif in sy totaliteit ondersoek word.

8. In die lig hiervan kan die oprdrag in 2 Tim. 3:16 en 17 nou verstaan word, naamlik dat **alles** in die Skrif aan ons gegee is om ons in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry en as ‘n onderwysing in geregtigheid te dien, sodat ons volkome voorbereid en toegerus kan wees vir elke goeie werk. Lees ook 2 Tim.2:15 in die verband. Onthou: Toe Paulus hierdie brief aan Timotheus gerig het, was daar nog nie die Skrifte van die nuwe verbond nie. Paulus het dus uitsluitlik na die Skrifte van die ou verbond (die Tanakh) verwys!!

Een in Messias

1. Dit was van die begin af (ou verbond) die wil van YHVH dat almal wat Hom dien as deelgenote van Hom en van mekaar beskou word. Hoewel die ou verbond met Israel gesluit was, het God voorsiening gemaak dat vreemdelinge (‘heidene’, nie-Israeliete) deel kan word van hierdie verbond met Israel. Die volgende Skrifte bevestig dit: Ex. 12:47 tot 49; Lev. 16:29 en 30; Num.15:15 en 16 en Jes. 56:3 tot 6.

2. Die mense van die ou verbond het bestaan uit diegene wat volgens geboorte ‘n Israeliet was en die vreemdeling (nie-Israeliet) wat hulle by Israel aangesluit het deur hulself te onderwerp aan *Torah* en te glo in die God van Israel. (Jes. 14:1; Jos. 8:33 en 35). Nie-Israeliete het selfs grondgebied ontvang (Eseg. 47:21 tot 23).

3. Let daarop dat dit die vreemdelinge was wat by Israel ingeskakel het (nie andersom nie), en wat deel kon hê aan die seëninge wat YHVH aan Israel volgens die verbond belowe het. Hierdie dien as ‘n afbeelding (heenwysing en patroon) wat in die nuwe verbond herhaal word. Dit is die heidene (nie-Jode) wat by die gelowige Jode (Messiaanse Jode) aangesluit en deel van hulle geword het. Die volgende Skrifte bevestig dit: Hand. 13:14 tot 16, 26 en 48; Hand.17:2 tot 4; Hand 18:4 (Grieke was heidene). [Let ook daarop dat nie-Jode op die shabbat in die sinagoge bymekaar gekom het en nie op ‘n ander dag apart van ander gelowiges nie (Hand. 13:14 tot 16; Hand. 17:2 tot 4)].

4. Deur geloof in die folterdood van Yeshua Messias is beide Israeliet (Jood) en nie-Jood (heiden) in een liggaam versoen (Ef.2:15 en 16). Ons (nie-Jode) wat vreemdelinge en bywoners was, het nou medeburgers en huisgenote van Vader YHVH geword en verrys saam met gelowige Jode (Messiaanse Jode) as 'n heilige tempel wat gebou word op die fondament van die apostels en die profete terwyl Yeshua Messias self die hoeksteen is. (Ef.2:19 tot 22). Die apostels en profete het steeds die *Torah* as basis van hulle lewenswandel en geloof in Yeshua gebruik. Die boek van Handelinge en die briewe van Paulus is bevestiging hiervan!!

5. Die geskrewe nuwe testament was eers baie jare na die hemelvaart van Yeshua beskikbaar. Die Apostels het dus die ou testament (insluitend die *Torah*) gebruik om mense te leer. Dit opsigself is bewys dat daar nie weggedoen was met die *Torah* nie.

6. Dit is ons as nie-Jode wat as wilde olyftak ingeplant word op die 'mak' olyfboom, naamlik Israel en *Torah*, en so deel kry aan hierdie *vettigheid*. Dit is nie ons wat die wortel dra nie, maar dit is die wortel wat ons dra (Rom.11:17 en 18). Eenvoudig gestel beteken dit die volgende: Dit is nie die gelowige Jood wat op Christenteologie ingeplant word nie, maar ons, die gelowige nie-Jood, wat op *Torah* ingeplant word. Ons kry 'n Hebreeuse verbintenis en die wortel wat ons voed is *Torah*, naamlik al God se onderrig, instruksies en wysheid soos dit van die begin af aan die mens gegee is.

7. Die Messiaanse beweging wat die herstel van Torah voorstaan, is juis 'n beweging waar Messiaanse Jode en Messiaanse nie-Jode as een in Messias saamgevoeg word. Vader God is besig om sy volk bymekaar te bring as voorbereiding vir die koms van Yeshua Messias.

8. As gelowiges in Messias moet ons nou die hernieude (nuwe) verbond verklaar in die lig van die *Torah*. Ons moet deeglik onderrig wees in *Torah* sodat ons die vervulling en bevestiging van dit wat Vader-God in die ou verbond belowe het, volgens die nuwe verbond kan verklaar. Ons moet weet en verstaan hoe die ou verbond in Yeshua Messias vervul (bevestig) is, maar ook weet en verstaan hoe die Torah YHVH se onderrig en instruksies vir 'n lewe as geregverdigde in Yeshua is.

9. In die lig hiervan kan die ware betekenis van *vry van die wet en onder die genade* verstaan word. Dit gaan nie meer oor die letter van die wet nie, maar oor die wet wat in ons verstand gegee en op ons hart geskryf is.

Nuwe Wyn in Nuwe Wynsakke

Niemand werk 'n nuwe stuk lap op ou klere nie; anders skeur sy nuwe stuk heeltemal van die oue af en daar kom 'n erger skeur en niemand

gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke laat bars en die wyn uitloop en die sakke vergaan, maar jy gooi nuwe wyn in nuwe sakke."
Mark. 2:21 en 22 (PWL Vertaling)

1. Wanneer `n teksvers verklaar word moet dit:

   - In konteks van veral die voorafgaande Skrifgedeelte verklaar word,

   - maar ook in konteks van die daaropvolgende Skrifgedeelte,

   - asook in konteks van die Skrifte in geheel.

2. Indien bogenoemde nie toegepas word nie, is die gevaar dat `n bepaalde teksvers se betekenis verdraai en selfs misbruik kan word. `n Tipiese voorbeeld is die teksverse oor `nuwe wyn in nuwe wynsakke' soos opgeteken is in Matt. 9:16 en 17; Mark. 2:21 en 22 en Luk. 5:36 tot 39.

3. `n Algemene siening van die kerk oor die betekenis van hierdie Skrifgedeeltes is dat dit as bevestiging dien dat gelowiges vry van die wet is, want hulle is onder die genade. So byvoorbeeld het `n geestelike leier aan my die volgende geskryf:

   Jesus het 'n oordeel uitgespreek oor mense wat so 'n sinkretisme voorstaan; dws 'n vermenging van wet en genade. Wanneer 'n nuwe lap (genade) op 'n ou kleed (die wet) gesit word, skeur die kleed. Nuwe wyn (genade) kan nie in ou leersakke (wet) gegooi word nie. Die sakke sal bars en alles uitloop (Mat. 9:14-17). Dit is presies hierdie dwaalgeeste se sogenaamde nuwe evangelie. Dit is 'n stokoud sinkretisme wat geheel en al deur die kerk van Christus afgewys word.

4. Indien Matt. 9:16 en 17; Mark. 2:21 en 22 en Luk. 5:36 tot 39 egter in konteks gelees word, sal dit duidelik wees dat hierdie verklaring (interpretasie) verkeerd is!! Almal sal saamstem dat Yeshua besig was om lering aan mense te gee. Die vraag is egter wat wou Hy die mense leer? Was Yeshua besig om die mense te leer van die wet (die Torah) en genade (onverdiende guns), naamlik dat ons vry van die wet is omrede ons onder die genade is, of iets heeltemal anders? Hierdie vraag kan slegs beantwoord word deur die voorafgaande Skrifgedeeltes te lees, asook om Yeshua se woorde in konteks van die hele Skrif te verklaar.

5. Wat het aanleiding gee dat Yeshua die vergelyking tref tussen die nuwe lap op 'n ou kleed en die nuwe wyn in ou wynsakke? Mattheus, Markus en Lukas vertel hoe Yeshua en sy dissipels 'n maaltyd saam met die tollenaars en sondaars geëet het en waarop die skrifgeleerdes en die Fariseërs die volgende kommentaar gelewer het: *Wat is dit dat Hy saam met die tollenaars en sondaars eet en drink?* Daarna is die vraag ook aan Yeshua gevra: *Waarom vas die dissipels van Johannes en dié van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?*

6. Hoe het Yeshua op hierdie twee vrae gereageer?

   6.1. Ten opsigte van die vraag (wat eintlik 'n beskuldiging was!) oor die maaltyd saam met tollenaars en sondaars het Yeshua geantwoord: *Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.* Yeshua se antwoord moet gesien word in die lig daarvan dat die skrifgeleerdes en Fariseërs volgens hulle eie mensgemaakte wet nie saam met tollenaars en sondaars mag eet nie. Deur saam met die tollenaars en sondaars te eet het Yeshua 'n praktiese demonstrasie gelewer van Sy latere opdrag, naamlik: gaan en verkondiging die evangelie aan sondaars. Yeshua het dus strydig met die gebruik van die skrifgeleerdes en Fariseërs opgetree en daarmee gedemonstreer dat hulle moet afsien van hulle ou gebruik (siening).

   6.2. Ten opsigte van die vraag oor die dissipels wat nie vas nie, het Yeshua soos volg gereageer: *Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? So lank as hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas, in daardie dae* (Mark. 2:19 en 20). Weereens het Yeshua so gereageer op grond van 'n gebruik wat deur die Fariseërs ingestel en gehandhaaf was, naamlik om twee dae van die week te vas (Luk. 18:12). Inderwaarheid herinner Yeshua hulle aan die tradisie om nie te vas tydens die bruilofsfees wanneer die bruid en bruidegom teenwoordig is nie. Soos in die geval van die maaltyd saam met sondaars het Yeshua ook hiermee afgewyk van mensgemaakte wette. Yeshua wou hulle telkens leer om afstand te doen van tradisies (leringe van mense) en Hom te volg op die 'nuwe weg' van die evangelie van redding.

7. Volgens bogenoemde is dit duidelik dat Yeshua se vergelyking van die nuwe lap op 'n ou kleed en die nuwe wyn in ou wynsakke **niks te doen het met die wet (die Torah) wat uitgedien is en met genade wat in die plek daarvan is nie!** Yeshua het dit nie gebruik om die mense te leer dat hulle vry van Torah (die wet) is nie!! Nee, Yeshua se beeldspraak het te doen met gebruike en tradisies van mense wat 'n struikelblok is in die verkondiging van die evangelie van YHVH se reddende genade soos in Yeshua Messias openbaar word. Onthou Yeshua se woorde: *Wee julle ook, wetgeleerdes, want julle lê laste op die mense wat swaar is om te dra, en self roer julle die laste nie met een van julle vingers aan nie.* (Luk. 11:46). Hierdie laste van die Fariseërs is die struikelblok in die evangelie van die Gees van lewe in Messias Yeshua.

8. Dit is belangrik om te onthou dat Yeshua nooit Torah oortree het nie!! Sou Hy in een enkele opsig Torah oortree het, dan sou Hy skuldig aan oortreding van die hele wet wees (Jak. 2:10) en dus as sondaar nie 'kwalifiseer' as die Lam van God nie! Yeshua het telkens met die skrifgeleerdes en Fariseërs gebots oor hulle verklaring van Torah en oor die vele mensgemaakte wette wat hulle bygevoeg het. Daarom lees ons dat Yeshua telkens vir hulle antwoord deur te sê: *Het julle nie gelees.....*. Daarmee het Yeshua verwys na dit wat in Torah geskryf staan. 'n Voorbeeld hiervan lees ons in Mark. 2:23 tot 27 toe Yeshua se dissipels koringare op die sabbat gepluk het om te eet. Weereens sien ons dat die Fariseërs se wettiesheid die struikelblok was. Dit was die skrifgeleerdes en Fariseërs se toepassing van die wet (Torah) wat die probleem was. In die verband skryf Paulus: *Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik* (1 Tim. 1:8).

9. Yeshua het gekom om Torah te herstel soos wat Vader-God dit aan Moses by die berg Sinai gegee het. Hy het gekom om die skrifgeleerdes en Fariseërs te stroop van hulle wettiesheid, naamlik die wysiginge wat hulle aan Torah aangebring het. Die ou kleed (kledingstuk) is dus die mensgemaakte leringe van die Fariseërs en die nuwe lap is die geregtigheid in Yeshua soos deur die wet vervul is. Jy kan nie die nuwe op die oue plaas nie, want dit sal skeur. So ook is die ou wyn nie geskik vir nuwe wynsakke nie. Yeshua is die 'Nuwe Wyn' wat in nuwe sakke (Sy wedergebore dissipels) geplaas word! Tradisie veroorsaak egter dat mense by die ou wyn wil bly (Luk. 5:39).

Nota: Druiwesap is in leersakke gefermenteer tot dit wyn is. Die leersakke het weens die gistingsproses gerek. Indien vars druiwesap dus in ou wynsakke gegooi sou word, sou die sakke weens die verdere fermentasieproses bars.

10. Ons is nuwe wynsakke wat gevul is met Nuwe Wyn – die wyn van vry onder die wet, maar nie vry van die wet nie!! Ons is vry onder die Torah, want die skuldbrief van ons oortredinge van Torah is aan die kruis gespyker (Kol. 2:14). Dit is hierdie skuldbrief wat die vloek van die wet was (Gal. 3:13). Ons is vry van hierdie skuld- en gewetenslas. Ons is vry van die wet van die sonde en die dood om volgens die wet van die Gees van die lewe in Messias Yeshua aan Torah gehoorsaam te wees (Rom. 8:2).

11. Laastens moet ons ook Matt. 9:16 en 17; Mark. 2:21 en 22 en Luk. 5:36 tot 39 in konteks van die Skrifte in sy totaliteit verklaar. Het Yeshua ooit verklaar dat die wet opgehef is? Nee, intendeel Yeshua het verklaar dat Hy nie gekom het om die wet (die Torah) te ontbind nie, maar om dit te vervul (Matt. 5:17). So ook het Paulus gevra: *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet* (Rom. 3:31).

Verduideliking van Hebreërs 8:13

1. Heb. 8:13 word dikwels gebruik as bewys dat die ou verbond met al sy wette uitgedien is en deur die nuwe verbond vervang is. Die Afrikaanse ou vertaling (1933 en hersiene 1957 uitgawe) lees soos volg:

> As Hy sê 'n nuwe ***verbond***, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Let egter daarop dat die woord *verbond* nie in die oorspronklike teks voorkom nie en daarom is dit kursief gedruk as byvoeging wat deur die vertalers gemaak is. Dieselfde geld ten opsigte van Heb. 9:1 waar die woord *verbond* ook kursief gedruk is om aan te dui dit is deur die vertalers ingevoeg. Die korrekte vertaling van hierdie teksvers moet dus soos volg lees:

> *Deurdat Hy sê 'nuwe,' het Hy die eerste as oud verklaar en dit wat verouderd en oud is, is naby vernietiging* (PWL Vertaling).

2. Heb 8:13 en 9:1 is dus **nie** ‘n ‘bewys’ dat die ou verbond uitgedien is nie, maar ‘n bevestiging dat daar wel ‘n verandering in die inhoud van die ou verbond plaasgevind het! Om te verstaan wat hierdie verandering is, moet Heb. 8:13 en 9:1 in die konteks van hoofstukke 7, 8, 9 en 10 van Hebreërs verklaar word. Hiervolgens sal dit duidelik word dat daar ‘n verandering in die priesterorde en die offerandes weens Yeshua se kruisdood en opstanding plaasgevind het.

3. Die verandering in priesterskap, en verwysend na Yeshua, is ondermeer duidelik volgens Heb. 7:12 tot 17:

Net soos daar ‘n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar ‘n verandering in die reëls, want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan ‘n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie, want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y’hudah opgegroei het; ‘n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Nog baie duideliker is dit: dat hy sê dat ‘n ander nie-Levietiese Priester volgens die beeld van Malki-Tzedek opstaan. Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levietiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek, (PWL Vertaling)

4. Onder die nuwe verbond bestaan die priesterskap volgens die orde van Aäron nie meer nie, maar is dit vervang met ‘n ewige priesterorde volgens Malgisedek. Yeshua Messias is nou ons Ewige Hoëpriester. Hy is ons Priesterkoning (Psalm 110) en ons is Sy koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9).

5. So ook is Yeshua Messias die Eenmalige Offer en is geen verdere offerandes vir sonde nodig nie.

Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie, maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, wagtend verder, totdat Sy vyande ‘n voetbank onder Sy voete gemaak is, want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonder is, tot die doel gebring (Heb. 10:11 tot 14 – PWL Vertaling)

6. Volgens bogenoemde is dit duidelik dat daar nie weggedoen is met die ou verbond nie, maar dat daar sekere veranderinge in die inhoud van die ou verbond plaasgevind het. Hierdie veranderinge was deel van die beloftes van die ou verbond en het dus in Yeshua in vervulling gekom. Daar is 'n nuwe priesterorde en geen verdere diere-offers vir sonde is nodig nie!! Yeshua Messias is inderdaad die Middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb.8:4).

7. Die ou verbond is hernu en daarom is dit meer korrek om te praat van die hernieude verbond. Die tabernakel, priesterorde en offerandes is 'nuut gemaak' in die sin dat die gelowige in Yeshua nou die tabernakel en priesterorde is en dat Yeshua ons Hoëpriester die Eenmalige offer wat sonde wegneem was. Daar is dus weggedoen met 'n aardse tabernakel (tempel) en met die priesterorde volgens Aäron en met die diereoffers. In die opsig het die wet (die Torah) sy doel gedien, want Yeshua is die einddoel van Torah tot geregtigheid (Rom. 10:4).

8. Met die verandering van die priesterskap het daar dus wel 'n verandering van die wet plaasgevind (Heb. 7:12) – verandering ten opsigte van die tabernakel, priesterorde en offerandes. Die res van die inhoud van YHVH se Torah het nie vernader nie!! Yeshua het dit self bevestig (Matt. 15:17 en 18; Luk.16:17). Die Torah is steeds YHVH se onderrig en instruksies van hoe om as geregverdigde te lewe!!

9. Abraham is geregverdig verklaar op grond van sy geloof in die Messias wat sou kom (Gen. 15;6), maar hy het steeds YHVH se onderrig en instruksies gehoorsaam (Gen. 26:4 en 5). Net so word ons onder die hernieude verbond deur geloof in Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias gered, maar moet ons steeds Torah-gehoorsaam lewe!!

Bepeins of Bespreek die Volgende

1. As daar geen landswette bestaan wat toegepas word nie, sal wetteloosheid heers wat tot wanorde, geweld, vrees, sedeloosheid en derglike dinge sal lei. Kan ons as gelowiges dan vry van God se wette wees? Dit sal sekerlik ook tot wetteloosheid lei en wetteloosheid is sonde (Rom. 6:14 en 1 Joh. 3:4).

2. Vir die ongeredde (sondaar, onregverdige) is die *Torah* God se oordeel, maar vir die regverdige is *Torah* Vader-God se genade. Die Torah kla die sondaar aan, vind hom skuldig en oordeel (vonnis) hom – die straf van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Vir die geregverdigde in Yeshua is Torah egter YHVH se genade van vergifnis van die aanklagte, asook van die skuldigbevinding en vonnis – dit is om vrygespreek te wees van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2).

3. Lees Rom. 8:14. Mislei ons nie onsself deur daarop te roem dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word terwyl daar areas van moedswillige ongehoorsaamheid aan Torah is nie? Is gedeeltelike gehoorsaamheid voldoende om myself te beskou as iemand wat deur die Gees gelei word? Indien die antwoord *Ja* is, is die vraag waar is die afsnypunt waar my ongehoorsaamheid my nie meer 'n kind van YHVH maak nie?

4. Die sleutel tot kennis en gemeenskap met Vader-God is gehoorsaamheid aan die Woord (die Torah) van YHVH (1 Joh. 2:3). Indien ek nie sy gebooie bewaar nie, is ek 'n leuenaar (1 Joh. 2:4). Hoe maklik is dit om jouself te mislei deur te dink dat jy gehoorsaam is?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.